Geagte Ouers/Versorgers

DRINGENDE BEROEP OM IN 2022 SE SENSUSOPNAME GETEL TE WORD

Daar word 'n dringende beroep op alle ouers en versorgers van leerders in die Wes-Kaap gedoen.

Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) is deur Statistieke Suid-Afrika en die Departement van die Premier genader om te help om alle ouers in die Wes-Kaap bewus te maak van hoe belangrik dit is om in 2022 se sensusopname getel te word.

Slegs 61% van Wes-Kaapse inwoners is tans getel. Dit het verreikende gevolge vir die toekoms van onderwys in hierdie provinsie en die WKOD se vermoë om gehaltediens aan ons skole te lewer.

As, byvoorbeeld, slegs 70% van die Wes-Kaapse inwoners in 2022 se sensus getel word, loop ons die gevaar om R9,7 biljoen of meer as 16% van ons provinsiale regmatige deel te verloor. Dit sal enorme koste-implikasies vir die WKOD inhou. Soos deur Premier Alan Winde gemeld, sal dit 'n besnoeiing van R2,6 biljoen in befondsing van ons gesondheidsbegroting en **R4,2 biljoen van ons onderwysbegroting** teweeg bring, met ander kleiner departemente wat ook verliese sal ly.

Dit sal enorme implikasies vir ons vermoë om gehaltedienste aan ons skole te lewer, inhou – die getal opvoeders wat ons kan aangestel, die gebou en onderhoud van skole en hulpbronverskaffing sal geraak word. Ander dienste, soos gesondheid, sal ook geraak word. Dit is 'n enorme risiko wat elke enkele Wes-Kaapse inwoner sal raak.

Maak asseblief seker dat u in 2022 se sensus **voor 14 Mei 2022** getel word en moedig u vriende, familie en bure aan om ook deel te neem. Dis maklik en kan gedoen word deur:

- **die vraelys aanlyn in te vul by: getcounted.statssa.gov.za (eksterne skakel);**
- **die vraelys in te vul tydens 'n besoek aan 'n amptelike Stats SA-sensustoonbank; of**
- **in aanraking te kom met die sensus-inbelsentrum by 0800 110 248 met enige navrae.**

As slegs 70% van die bevolking van die Wes-Kaap getel word, sal die beskikbare uitgawe met meer as R1 300 per persoon per jaar verminder word. Kom ons werk saam om hierdie risiko te vermy en te verseker dat u as inwoner van die Wes-Kaap u regmatige deel van die nasionale begroting kry.

Dankie.